



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
VOORBEELDVRAESTEL 2008

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur

100 punte

AFDELING A: LETTERKUNDE

BREEK – Barrie Hough & Lizz Meiring

VRAAG 1

Voordele	Nadele
<ul style="list-style-type: none"> • Hierdie verteller is self 'n karakter/ deel van die verhaaldebeure. • Dié verteller is gewoonlik geloof-waardig omdat hy deel van die verhaal-gebeure is. • Dié verteller gee dan ook sy eie gevoelens direk weer en maak die leser dus meer betrokke by die verhaal. 	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het 'n beperkte gesigspunt en kan nie ander karakters se gevoelens weergee nie. • Hy moet self daar wees wanneer hy van gebeure vertel, anders is dit nie geloofwaardig nie.

Enige 2 voor- en nadele (1 punt elk) (4)

- Tom (Muller) ✓. Hy is die hoofkarakter✓ en die verhaal handel hoofsaaklik oor Tom se issues. ✓ Die verhaal word uit sy oogpunt vertel. (3)
 - Die taalgebruik is duidelik dié van 'n jong mens, in dié geval 'n student. ✓ Tom en Gideon gebruik dikwels gekruide taal – dit vertel ook meer van hulle karakters en frustrasies. ✓ Alma is baie gesteld op goeie taalgebruik – dit is ook karakteriserend van haar. (3)
- (10)**

VRAAG 2

• Gideon	Hy ontdek sy pa en Ben het 'n verhouding. Sy pa was altyd sy held; daarom ontstel dit hom baie. Ben vra later vir hom of hy bang is dat dit dalk geneties is.
• Justie	Haar ma is 'n alkoholis. Sy weet nie wie haar pa is nie. Sy is bang om 'n glas te breek aangesien dit haar laat dink aan die tyd toe sy moes pak omdat hulle weer moes trek.
• Charmaine	Sy was nie bewus van die feit dat Tom haar halfbroer is nie. Hy verseker haar dat dit nie saak maak nie, hy het haar nog net so lief. Sy voel dat haar lewe 'n leuen is.
• Alma	Jana is soos 'n spook in haar lewe – almal onthou net die mooi van 'n persoon wat dood is. Sy wou altyd graag vir Tom 'n ma wees. Sy is baie gesteld op wat ander mense dink.

- Gideon – nadat Ben met hom kom praat het, het hy tog sy pa gaan oplaai. Hy luister tog na wat Ben sê.
- Alma – sy en Tom het 'n gesprek gehad en sy het voorgestel dat sy hom sou gaan wys waar Jana begrawe is.
- Justie – haar woonstel is nie meer karig gemeubileer nie – dit lyk asof sy kans sien om lank op een plek te bly.

[10]

VRAAG 3

Hierdie vraag word met behulp van die rubriek op die volgende bladsy geassesseer. Die gedetailleerde rubriek wat daarna verskyn, is om nasieners te help om die korrekte standaard van 'n antwoord te bepaal.

Die volgende inligting word egter in die opstel verwag:

Paragraaf 1:

- Tom en Justie het na die watertoring op Northcliff-koppie gegaan. ✓ Hulle het piekniek gehou. ✓ Hulle het na die sterre gekyk ✓ en mekaar vertel hoe hulle voel. Dit was hulle eerste ware afspraak. ✓ (4)

Paragraaf 2:

- Gideon was nie tuis nie ✓ en Tom het nie lus gevoel om te studeer nie. ✓ (2)
- Mense loop hand om die lyf – het waarskynlik 'n film gaan sien.
'n Man en meisie sit by 'n hoektafel. Hulle is duidelik baie verlief: vat aan mekaar en soen mekaar.
'n Middeljarige vrou sit by een van die tafeltjies; sy glimlag vir Tom en hulle klink glasies (herinner hom aan sy ma).
'n Paartjie in swart geklee slenter verby – hulle oë lyk honger, maar nie vir kos nie. Hulle is duidelik dwelmslawe.
'n Blonde outjie vang Tom se oog – hý jag, Tom nie. 3 × ✓✓ (6)

Paragraaf 3:

- Alles oor my ma ✓✓ / All about my mother ✓ (2)
- Tom se biologiese ma, Jana, is dood ✓ toe Tom nog klein was en haar nie kon leer ken nie. ✓ Niemand praat oor Jana nie ✓ en daar is geen foto's van haar in die huis nie. ✓ (4)
- Tom wil 'n sielkundige word en moet eers sy eie lewe uitsorteer voordat hy ander mense kan help. ✓ Hy voel ook dat almal om hom iewers tuishoort – Charmaine lyk soos haar ouers, terwyl hy na niemand lyk nie. ✓ (2)

[20]

RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE KORT LITERÊRE SKRYFSTUK – 20 PUNTE

Kode en punteindeling		INHOUD (15) Interpretasie van vraag. Argument, regverdiging en begrip van literêre teks.		TAAL EN STRUKTUUR (5) Struktuur, logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel.
Kode 7 A 80 – 100%	12 – 15 punte	'n Grondige interpretasie van vraag, alle aspekte van vraag is volledig ondersoek. Uitstekende respons (90+, uitstaande respons) Verskeidenheid argumente breedvoerig ondersteun deur teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	4 – 5 punte	Samehangende teks geproduseer. Uitstekende antwoord. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Tal, toon en styl volwasse aangewend, indrukwekkend, korrek.
Kode 6 B 70 – 79%	11 punte	'n Bo die gemiddelde interpretasie van vraag. Alle aspekte van vraag is volledig ondersoek. Gedetailleerde respons. Verskeie grondige argumente gegee, goed ondersteun deur teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	3½ punte	Opstel goed gestruktureer. Argumente en gedagtes maklik om te volg. Taal, toon en styl korrek en gepas vir doel. Goeie aanbieding.
Kode 5 C 60 – 69%	9 – 10 punte	Toon begrip en het vraag goed geïnterpreteer. Redelik gedetailleerde respons op vraag. Sommige grondige argumente gegee, maar nie almal is so goed gemotiveer as wat dit kon nie.	3 punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van gedagtes. Vloei van gedagtes kan gevolg word. Taal, toon en styl korrek.
Kode 4 D 50 – 59%	8 punte	Redelike interpretasie van vraag, nie alle aspekte deeglik verken nie. Sommige goeie punte wat vraag steun. Die meeste argumente ondersteun maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	2½ punte	Bewys van struktuur. Opstel toon 'n gebrek aan goed gestruktureerde vloei van gedagtes en samehang. Taalfoute min, toon en styl hoofsaaklik geskik. Paragrafering meestal korrek.
Kode 3 E 40 – 49%	6 – 7 punte	'n Baie gewoon, middelmatige poging om die vraag te beantwoord. Min diepliggende kennis en min bewyse uit teks. Leerling begryp/ken teks nie ten volle nie.	2 punte	Beplanning in die struktuur toon tekens van foute. Argumente nie logies nie. Paragrafering foutief. Taalfoute teenwoordig. Toon en styl nie geskik vir die doel van akademiese skryfwerk nie.
Kode 2 F 30 – 39%	5 punte	Swak begrip van vraag. Respons herhalend en wyk soms af van onderwerp. Geen klinkklare argumente nie – foutiewe interpretasie. Argumente nie ondersteun deur teks nie. Baie swak begrip van teks en genre.	1½ punte	Swak aanbieding en gebrek aan beplande struktuur belemmer die vloei van gedagtes. Taalfoute en foutiewe styl maak dit grootliks 'n onsuksesvolle skryfstuk.
Kode 1 F – H 0 – 29%	0 – 4 punte	Respons besit sommige skakeling met vraag, maar argumente moeilik om te volg of grootliks irrelevant. Swak poging om vraag te beantwoord. Die paar relevante punte het geen regverdiging uit teks nie. Baie swak begrip van teks en genre.	0 – 1 punte	Moeilik om te bepaal of vraag beantwoord is. Geen bewys van beplande struktuur of logiese uiteensetting nie. Geen paragrafering of samehang nie. Swak taal. Foutiewe styl en toon.

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN SKRYFWERK

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer word en deurgaans geraadpleeg word.
2. As die opdrag misgetas of verkeerd geïnterpreteer is, moet die kandidaat streng geenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.
3. Die volgende simbole moet tydens die assessering van die skryfstuk gebruik word:

SIMBOOL	BESKRYWING	VERDUIDELIKING
×	Kruisie bo die woord	Spelfout/ punktuasiefout
×	Kruisie oor woord	Foutiewe woord
()	Hakies	Foutiewe woordorde
^	Weglaatteken	Woord(e)/ leesteken uitgelaat
T (in kantlyn)	Hoofletter T	Tye verwarrend/foutief gebruik
? / λ (in die kantlyn)	Groot vraagteken/ kronkelstreep	Onduidelik/ onverstaanbaar
hh	Dubbele <i>h</i>	Herhaling

VRAAG 4 FORMELE BRIEF

Formaat: Blokform

Voorbeeld:

Formaat: Voorbeeld van die vorm van die brief:

<p>Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Privaatsak X2 Roggebaai 8012 (<i>Laat 'n reël oop</i>) Meneer/ Me. (<i>Laat 'n reël oop</i>) WATERBESOEDELING (<i>Laat 'n reël oop</i>) Inleiding (<i>Laat 'n reël oop</i>) Inhoud: Brei uit op jou redes (2 - 3 paragrawe). (<i>Laat 'n reël oop</i>) Afsluiting: 'n Beknopte samevatting. (<i>Laat 'n reël oop</i>) Slot: (<i>Laat 'n reël oop</i>) Die uwe (<i>Laat 'n reël oop</i>) Linda Louw</p>	<p>Kwepersstraat 6 Lichtenburg 2740 8 Februarie 2008</p>
--	---

[30]

VRAAG 5 BEDANKING

Formaat:

- Dit kan die vorm van 'n brief, kaartjie, nota aanneem.

Inhoud:

- Die skrywer se dankbaarheid moet duidelik in die skryfstuk na vore kom.
- Minstens twee voorbeelde moet genoem word wat daarop dui dat die skrywer dankbaar is.
- Die styl is semi-formeel – respek vir die ouers/voog moet blyk uit styl.

AFDELING B

VRAAG 4 EN 5 NASIENSKAAL: BRIEF & BEDANKING

		Uitmuntend	Verdiensielik	Beduidend	Voldoende	Matig	Basies	Ontoereikend
Brief/ Dagboek-inskrywings 30 punte	TAAL	Alle formaat-vereistes is toegepas. Teks is grammatikaal korrek en goed saamgestel. Woordkeuse is van hoogstaande standaard en uiters geskik vir die doel, gehoor en konteks. Styl, toon, register is baie toepaslik. Teks is feitlik foutvry. Lengte korrek.	Reëls van betrokke formaat is toegepas. Teks is goed saamgestel en korrek. Woordkeuse is meestal geskik vir die doel, gehoor en konteks. Styl, toon en register is meestal toepaslik vir die vereistes van die teks. Teks is grootliks foutvry. Lengte korrek.	Meeste van die formaat-vereistes van teks is toegepas. Teks is goed saamgestel en lees maklik. Woordkeuse is toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks. Styl, toon en register is algemeen toepaslik. Teks is meestal foutvry. Lengte korrek.	Voldoen aan formaat-vereistes van teks. Teks is so saamgestel dat dit maklik lees. Foute beïnvloed nie leesbaarheid nie. Woordkeuse is gedeeltelik toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks. Styl, toon en register is taamlik toepaslik. Teks het foute. Lengte korrek.	Toon 'n matige idee van die teksformaat – nalatige foute. Teks is elementêr saamgestel. Verskeie foute. Woordkeuse is beperk en nie baie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie. Gebreke in styl, toon en register. Teks het verskeie foute. Lengte te lank of te kort.	Toon 'n vae idee van die teksformaat – baie nalatige foute. Teks is swak saamgestel en moeilik om te volg. Woordkeuse het remediëring nodig en nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie. Styl, toon en register nie geskik nie. Teks besaai van foute. Lengte te lank of te kort.	Geen vereistes toegepas nie. Teks is swak saamgestel; baie moeilik om te volg. Woordkeuse kort ernstige remediëring; nie toepaslik vir doel, gehoor of konteks nie. Styl, toon en register nie geskik nie. Teks besaai met foute en deurmekaar. Lengte ver te lank of te kort.
INHOUD		Kode 7: 80 – 100%	Kode 6: 70 – 79%	Kode 5: 60 – 69%	Kode 4: 50 – 59%	Kode 3: 40 – 49%	Kode 2: 30 – 39%	Kode 1: 00 – 29%
Uitmuntend Gespesialiseerde kennis van vereistes vir teks. Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, geen afwyking nie. Algehele samehang in terme van inhoud en idees, alle besonderhede ondersteun onderwerp.	80 – 100% Kode 7	24 – 30	23 – 25	21 – 23				
Verdiensielik Goeie kennis van vereistes vir teks. Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus; feitlik geen afwyking nie. Inhoud en idees is samehangend; al die besonderhede ondersteun die onderwerp.	70-79% Kode 6	23 – 25	21 – 23	20 – 22	18 – 20			

<p>Beduidend Redelike kennis van vereistes van teks. Skryfwerk – leerder behou fokus; geringe afwyking. Inhoud en idees is meestal samehangend; besonderhede ondersteun die onderwerp.</p>	<p>60-69% Kode 5</p>	<p>21 – 23</p>	<p>20 – 22</p>	<p>18 – 20</p>	<p>17 – 19</p>	<p>15 – 17</p>		
<p>Voldoende Voldoende kennis van vereistes van teks. Skryfwerk – leerder wyk af van onderwerp maar belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. Inhoud en idees is samehangend; besonderhede ondersteun die onderwerp.</p>	<p>50-59% Kode 4</p>	<p>19 – 21</p>	<p>18 – 20</p>	<p>17 – 19</p>	<p>15 – 17</p>	<p>14 – 16</p>	<p>12 – 14</p>	
<p>Matig Matige kennis van vereistes van teks, reaksie op teks vertoon 'n beperkte fokus. Skryfwerk: leerder wyk af, belemmer betekenis van teks plek-plek. Inhoud en idees van teks is nie altyd samehangend nie; basiese besonderhede ondersteun die onderwerp soms.</p>	<p>40-49% Kode 3</p>	<p>17 – 19</p>	<p>16 – 18</p>	<p>15 – 17</p>	<p>14 – 16</p>	<p>12 – 14</p>	<p>11 – 13</p>	<p>09 – 11</p>
<p>Basies Basiese kennis van vereistes van teks, reaksie op teks vertoon 'n baie beperkte fokus. Skryfwerk: leerder wyk af, betekenis van teks plek-plek nie van toepassing nie. Inhoud en idees van teks is nie altyd samehangend nie, min besonderhede ondersteun die onderwerp.</p>	<p>30-39% Kode 2</p>	<p>15 – 17</p>	<p>14 – 16</p>	<p>13 – 15</p>	<p>12 – 14</p>	<p>11 – 13</p>	<p>09 – 11</p>	<p>02 – 09</p>
<p>Ontoereikend Geen kennis van vereistes vir teks nie. Skryfwerk: leerder wyk af, betekenis van teks nie van toepassing nie. Inhoud en idees nie samehangend nie, baie min besonderhede ondersteun die onderwerp.</p>	<p>00-29% Kode 1</p>	<p>13 – 15</p>	<p>12 – 14</p>	<p>11 – 13</p>	<p>10 – 12</p>	<p>09 – 11</p>	<p>02 – 09</p>	<p>00 – 08</p>